

Vrydag 1 April

Skrifgedeelte: Hebreërs 1:1-14; HK Sondag 9, Antwoord 26

Fokusgedeelte: Hebreërs 1:5

God is die ewige Vader van Jesus Christus

In Hebreërs 1:5 word verklaar dat die Vader aan die Seun gesê het: “*Jy is my Seun, van vandag af is Ek jou Vader.*” Dit is ’n aanhaling uit Psalm 2:7 wat in Hebreërs 1 op Christus toegepas word. In die letterliker vertaling (1953) word dit soos volg weergegee: “*U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer*”. Die woord wat met *genereer* vertaal is, beteken eintlik: verwek, voortbring, geboorte gee aan. In die Geloofsbelydenis van Nicea word van Christus bely: “*(Hy is) voor alle eeue uit die Vader gebore.*”

In die lig hiervan het die Christelike kerk van die vroegste tye af van die ewige generasie (voortbring) van die Seun gepraat. Dit beteken dat die Vader die Seun van ewigheid tot ewigheid voortbring. Dit is nie soos by die mens waar ’n geboorte op ’n bepaalde tyd begin en op ’n volgende tyd afgehandel is nie; nee, dit is ’n ewige voortbring. As die generasie (voortbring) nie ewig was nie, was die Vader nie ewig en die Seun nie ewig as Seun van God nie (HK So. 13, Antw. 33). Dan sou die Vader op ’n bepaalde stadium Vader geword het en die Seun op ’n bepaalde stadium die Seun. Dit beteken dat God veranderlik sou wees, en dit is in stryd met die Skrif (1 Sam. 15:29; Mal. 3:6; Rom. 11:29).

Van Christus word ook gesê: “*Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid*” (Heb. 13:8; vgl. 1:10-12). In die lig van die onveranderlikheid van die Vader en die Seun moet ons die “vandag” in Hebreërs 1:5 verstaan as die hede (vandag) van die goddelike ewigheid waarin daar geen aardse gister, vandag en môre is nie. In hierdie hede van die ewigheid vind die mededeling van die goddelike lewe van die Vader aan die Seun plaas.

Ons moet erken dat hier oor sake gehandel word wat geen mens ooit op aarde kan deurgrond nie, omdat dit alle menslike verstand te bowe gaan. Hier sien ons iets van die grootheid van God. As dit moontlik was om God met ons menslike verstand te deurgrond, sou Hy nie God gewees het nie. In sy ondergrondelikheid sien ons egter sy grootheid, mag en majesteit (Rom. 11:33-36). Daarom moet ons in nederigheid en ootmoed ons kleinheid voor Hom besef.

Vir ons is dit betekenisvol dat God se Vaderskap ten opsigte van sy Seun met *ons* in verband gebring word, want die Seun word “*ons Here Jesus Christus*” genoem. Die besondere verhouding tussen God die Vader en ons bestaan van ewigheid af ter wille van Christus. Wat so van ewigheid af bepaal is, is duidelik tydens die geboorte en omwandeling van Christus op aarde geopenbaar. Telkens kom die verhouding tussen die Vader en die Seun ter sprake (Matt. 3:17; 17:5; Luk. 23:4-34, 46). Ter wille van Christus het ons kinders van God geword (Joh. 1:12; 1 Joh. 3:1).